

**Titel:** Insig  
**Pastor:** Lucille May  
**Datum:** 2 Mei 2010  
**Tyd:** 19:00



### **Efesiërs 5:17 OV**

<sup>17</sup> Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

### **Mattheus 11:27-30 NV**

<sup>27</sup> My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak. <sup>28</sup> Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. <sup>29</sup> Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. <sup>30</sup> My juk is sag en my las is lig.

### **Genesis 3:1-6 NV**

<sup>1</sup> Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" <sup>2</sup> Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. <sup>3</sup> God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." <sup>4</sup> Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, <sup>5</sup> maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deur goed en kwaad te ken." <sup>6</sup> Toe sien die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Insig > misleiding > wantroue > trots > dwaasheid  
VESTING (STRONGHOLD) >  
SELFMISLEIDING

### **I Samuel 13:11-13 NV**

<sup>11</sup> Samuel vra hom toe: "Wat het jy aangevang?" En Saul het gesê: "Ek het gesien die manskappe loop van my af weg, en u het nie opgedaag op die tyd wat ons afgespreek het nie. Die Filistyne het bymekaargekom by Mikmas, <sup>12</sup> en toe dink ek: die Filistyne sal nou-nou teen my afkom na Gilgal toe en ek het nog nie aan die Here 'n offer gebring nie. Toe het ek dit gewaag om self die brandoffer te bring." <sup>13</sup> Maar Samuel sê vir Saul: "Jy het dwaas gehandel. As jy maar die bevel van die Here jou God wat Hy jou gegee het, nagekom het!

### **I Samuel 14:24, 37-39 NV**

<sup>24</sup> Die Israeliete was daardie dag wanhopig, want Saul het die manskappe 'n eed opgelê en gesê: "'n Ramp tref dié een wat voor vanaand iets eet. Ek wil my op my vyande wreek."

<sup>37</sup> Toe het Saul vir God gevra: "Moet ek die Filistyne agtervolg? Sal U hulle in Israel se mag oorgee?" Maar God het hom nie toe geantwoord nie. <sup>38</sup> Saul sê toe vir al die offisiere: "Kom hiernatoe dat julle kan uitvind en self sien wie vandag gesondig het. <sup>39</sup> Al is dit ook my seun Jonatan moet hy sekerlik sterwe, so seker as wat die Here leef, Hy wat vir Israel red."

### **I Samuel 15:3, 9, 13-14, 18-21 NV**

<sup>3</sup> Gaan verslaan nou vir Amalek. Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring. Jy mag jou oor hom nie ontferm nie. Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling, bees en skaap, kameel en donkie.

<sup>9</sup> Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee en beeste, die vetstes, en die lammers en alles wat mooi was. Saul-hulle wou dit alles nie om die lewe bring nie. Al die vee wat swak en waardeloos was, het hulle wel van kant gemaak.

<sup>13</sup> Samuel het toe by Saul gekom, en Saul het vir hom gesê: "Mag die Here u seën! Ek het die opdrag van die Here uitgevoer." <sup>14</sup> Samuel vra toe: "Wat vir 'n geblêr van kleinvee is daar dan in my ore? En wat van die gebulk van beeste wat ek hoor?"

<sup>18</sup> Die Here het jou met 'n doel uitgestuur en Hy het jou beveel: 'Trek op, bring die sondaars, die Amalekiete, om die lewe. Jy moet teen hulle veg totdat jy hulle uitgeroei het.' <sup>19</sup> Waarom het jy nie na die bevel van die Here geluister nie? En waarom het jy jou aan die buit vergryp en hierdie ding gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here?" <sup>20</sup> Saul antwoord toe vir Samuel: "**Maar ek hét na die bevel van die Here geluister!** Ek het gegaan om te doen waarvoor die Here my gestuur het, ek het vir koning Agag van Amalek hierheen gebring, maar die Amalekiete het ek om die lewe gebring. <sup>21</sup> **Die manskappe het egter** uit die buit kleinvee en beeste gevat, die beste van dié wat van kant gemaak moes word, om aan die Here u God in Gilgal te offer."

### **Genesis 3:9-12 NV**

<sup>9</sup> Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" <sup>10</sup> En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip." <sup>11</sup> Die Here God vra toe: "Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?" <sup>12</sup> Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet."

Insig > misleiding > wantroue > trots > dwaasheid

### **Daniël 10:12 NV**

<sup>12</sup> Then Hy sê toe vir my: "Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou **voor jou God verootmoedig** het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede."

### **Johannes 15:4-5 NV**

<sup>4</sup> Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. <sup>5</sup> Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, **dra baie vrugte**, want sonder My kan julle niks doen nie.

### **Filippense 4:6-7 NV**

<sup>6</sup> Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. <sup>7</sup> En die **vrede** van God wat alle verstand te bowe gaan, sal **oor julle harte en gedagtes die wag hou** in Christus Jesus.